

Q
Quo

V
Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 76

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.



Lees u koerant? Luister u na die nuus?

Dan weet u van stakings, deur vlieëniers, deur mynwerkers, deur onderwysers en selfs deur polisie.

Ons hoor van stakings in Amerika, in Engeland, in Italië en selfs hier by ons is dit nie onbekend nie.

'n Mens verneem van werkstakings en sloerstakings stakings uit simpatie met ander.

Ons weet ook wat dit meebring, nie waar nie? 'n Samelewing word ontwrig, dienste word opgeskort, groot verdragings kom voor en ongerief word veroorsaak.

Het u al 'n bietjie nagedink oor hierdie onrusbarende verskynsel?

Stakings het altyd 'n doel, alhoewel dikwels baie uiteenlopend.

Meestal gaan dit om griewe en ontevredenheid wat mense uit die weg geruim wil hê. Salarisverhogings, beter behuising en ander diensvoorwaardes is vir baie werkers aanleiding om te staak. Afdanking van kollegas grief soms die ander. Ons kan dit saamvat as praktiese omstandighede.

Dikwels gaan dit ook om 'n beginsel of idee. Dink maar aan die stakings weens die voorgenome toer van die Springbok-krieketspan na Engeland en die besoek van die All-Blacks aan ons land. Gedwonge integrasie van blank en nie-blank in Amerika dryf mense tot stakings. Beleidsrigtings van owerhede en werkgewers laat mense gryp na die wapen van stakings.

Dit kan 'n hele kettingreaksie veroorsaak wanneer die een groep ter ondersteuning van die ander begin staak, sodat uiteindelik 'n groot deel van 'n samelewing lamgelê word weens die optrede van 'n paar mense, enkelinge wat die organisasie van so 'n staking behartig en aanwakker.

Dit kos dikwels 'n groot som geld, want gedurende so 'n staking staan die werk stil, en om 'n staking te beëindig deur tegemoetkoming kos soms nog baie meer.

Stakings word gereël om eise te ondersteun. Mense wat staak, stel harde eise: Doen dit, of dra die gevolge!

Onrus

Tog is daar stakings wat geen direkte eise op die oog het nie. Weet u hoe dit kom? Die kommunisme ken hierdie wapen, en gebruik dit graag. Die kommunisme het een groot doelstelling: onrus en rewolusie, omverwerping van bestaande ordes. Hoe meer stakings daar is, hoe meer ontwrigting, hoe meer onrus en onsekerheid — alles vrugbare teelaarde vir die kommunisme.

Mag 'n mens staak?

Wanneer 'n mens verneem van die toenemende omvang en skade weens al die stakings vir byna enige doelstelling denkbaar, begin jy jou as Christen, as kind van God, tog af te vra: Is

stakings reg? Mag 'n mens daaraan deelneem?

Kom ons kyk eers hoe 'n gelowige moet lewe en werk. 'n Kind van God is 'n burger van die koninkryk van die hemele, en dit is 'n koninkryk van reg en geregtigheid. Wat iemand in die lewe doen en nastreef, moet dan ook reg wees en van geregtigheid getuig. En al is die doel nog so goed, as die pad waarlangs 'n mens dit wil bereik verkeerd is, is alles verkeerd. Die doel heilig *nooit* die middel nie. Die doel en die middel moet albei reg wees.

Reg en geregtigheid volgens die Woord van God — dit is die maatstaf waaraan ons alles moet meet.

Wanneer 'n mens jou verbind het om te werk volgens ooreenkoms en onder sekere voorwaardes, is dit nie reg om kontrakbreuk te pleeg nie. 'n Mens se woord is sy eer, so moet dit wees, en as jy onderneem het om te werk, moet jy ook jou plig daar doen.

Nou kan dit natuurlik gebeur dat daar rede tot ontevredenheid ontstaan. In so 'n geval is daar net een regte weg, en dit is: praat reguit daaroor met die regte persoon. Dit is 'n mens se reg om te praat en te onderhandel.

Iemand wat sonder meer staak, gebruik nie meer sy *reg* om te praat nie, maar misbruik die *mag* wat hy het om, deur ander skade en ongerief te berokken, ander te verplig om toe te gee aan sy eise. As u mooi daaroor nadink, sal u toegee: STAKING IS AFPERSING. En afpersing is verkeerd.

Gevaarlik

Staking (en afpersing) is 'n tweesnydende swaard, en iemand wat dit ter hand neem, moet dit besef. Die gevare is groot. Dit kan net so maklik gebeur dat so iets die ongewenste uitwerking het dat jyself en jou afhanklikes daardeur getref word en skade ly, as wat dit die gewenste gevolg het wat jy in gedagte gehad het.

Wat staan 'n mens te doen?

Spreek die regte persoon op die regte manier aan oor die verskil, dit is waar 'n mens moet begin. Wanneer 'n mens staak, probeer jy die mag wat in die hande is van hulle wat oor jou gestel is, in jou eie hande neem. Dit is rewolusie. Nee, 'n mens moet openhartig met mekaar praat.

En as praat nie help nie?

Dit kan gebeur dat 'n werkgewer of wie ook al geen gehoor gee nie, al probeer jy nog so hard. As dit gebeur, moet 'n mens die saak vir beslissing voorlê aan 'n onpartydige buitestaander, arbitrasie dus. En daarby moet berus word, want daardeur word die reg die beste nagestreef.

Ons moet soek na reg en geregtigheid, ook in ons werk, en dit sal nie bereik word met afpersing en stakings nie, want dit is 'n verkeerde weg wat nie na die regte doel kan lei nie.

Arnold Mulder.

Die dringende uitnodiging

o Almal wat dors het,
kom na die waters;
en wie geen geld het nie,
kom, koop en eet;
ja, kom,
koop sonder geld
en sonder prys,
wyn en melk!

Waarom weeg julle geld af
vir wat geen brood is nie,
en julle arbeid
vir wat nie
kan versadig nie?
Luister aandagtig na My
en eet die goeie,
en laat julle siel
hom in vettigheid
verlustig.

(Jes. 55:1 en 2)

Van alle BANDE VRY ...!?

'n Mens hoor in ons tyd van verskillende kante af dat mense besware inbring teen die kerk. Die een persoon sal hierdie beswaar hê en die ander daardie beswaar. Dit hang af van die peil van ontwikkeling, van waar 'n persoon woon en werk, of hy selfstandig, vir homself dink en of hy maar 'n naprater van ander is.

Ek wil maar so een en ander noem en daarop antwoord; nie uit die hoogte nie, want dit vervreem ons van mekaar, maar na ek hoop, in die Gees van Christus, wat soek en roep.

Die Vryheidsgedagte

Dis 'n algemene klag, en seker ook die moeder van baie ander klagtes, dat die kerk dan inbreuk sou maak op die mens se vryheid, op sy reg om sy lewe te beplan en te lewe soos hy verkies. Geredeneer word dat na baie eeue van stryd en ellende, die mensdom eindelijk sover gekom het dat hy die mens vandag nie langer as 'n kuddedier beskou wat desnoods met geweld aangedryf moet word om sy plig te doen nie, maar as 'n wese met verstand en eie insigte, en met 'n wil om dit uit te voer. Hy is 'n persoonlikheid wat bekwaam is om iets te doen en wat bereid is om die verantwoordelikheid daarvoor te aanvaar.

Dit klink gewigtig en onweerspreekbaar. Tog word daar 'n grondfout begaan wat die hele redenering kragteloos maak. Ek kom later daarop terug.

Voorbeeld

Dié mense redeneer gewoonlik dat hulle dit as hulle *reg* beskou om hulle kinders so op te voed dat hulle eendag kan *inpas* in die patroon wat die samelewing dan sal aanneem. Hulle moet kan *saamtrek* in die span. Die mense sê dat hulle tog nie hul kinders só wil opvoed dat hulle nie inpas en dan die skywe sal wees vir die spot van ander mense nie.

Uitskuif

En nou is die kerk juis besig om hulle te dwing om hul kinders só op te voed dat hulle uitgeskuif sal word uit die kring van hul maats. Sondae moet die kinders byvoorbeeld in die katkisasie wees om te leer *wat die kerk sê* en kan hulle nie doen *wat hulle verkies* nie. Verder word vir hulle geleer dat hulle nie mag dans nie, want dit sou dan die hartstogte prikkel, dat hulle nie sommer na enige bioskoopvertoning mag gaan nie, ensovoorts. En dit terwyl hul maats al die dinge doen. Die gevolg is dat die kinders die volgende dag met hul mond vol tande staan, terwyl hul maats lustig gesels oor wat hulle die vorige aand geniet het.

Ek hoop dat ek die mense nie verkeerd aangehaal het nie. Want ons wil tog eerlik en opreg met mekaar praat met die bedoeling om vir mekaar tot 'n hand en 'n voet te wees.

Grondfout

Maar dan moet ek ook dadelik wys op wat myns insiens 'n grondfout in die mense se redenering is. Dit is dat hulle oor die mens se lewe redeneer asof dit iets is waarvoor hy vrylik kan beskik. Daar is byvoorbeeld sprake van die mens se *reg* om sy lewe te beplan soos hy verkies om dit te doen. Maar 'n mens het mos nie jou lewe uit jouself nie. *God* het dit aan jou

gegee. En nou kan ons mos nie gaan sê wat ons met ons lewe wil maak en wat ons as hoofsaak beskou nie, ons moet *luister* na wat ons moet en mag doen met die lewe.

Nog 'n dwaling

Uit hierdie grondfout spruit die tweede dwaling voort. Dis die kwessie van vryheid, en of vryheid beteken dat die mens self bepaal wat hy mag doen en of hy hom skik na reëls of wette. Vryheid beteken mos nie dat ek byvoorbeeld op straat kan verskyn soos ek verkies, desnoods sonder klere nie, maar dis dat ek my hou aan die reëls van eerbaarheid en so meer. Vryheid sluit dus 'n mate van dwang, onderwerping in. Die trein is vry solank dit op die spore bly. As hy dit nie doen nie, ontspoor hy met noodlottige gevolge.

Nommer drie

Dan is daar die ideaal van in die span trek. Ek stem toe dat eendrag, harmonie, mooi is. Paulus, die apostel, begeer ook om van die gemeentes te hoor dat hulle een van siel is en saam stry vir die geloof en die evangelie (Filippense 1:27). Maar om leiers te kweek is net so mooi, vir my eintlik nog mooier. 'n Man wat mooi kan messel, is mos 'n "mooier" mens as een wat 'n muur omgooi. Hande wat hard is van die werk is tog "mooier" hande as die sagte handjies van die luiaard.

En ons volk het sulke mense nodig, mense wat bereid is om ter wille van hulle beginsels, terwille ook van die Koninkryk van God, gestamp en geduik te word. U moet tog nie te jammer wees vir die kinders wat ter wille van hul beginsels gespot word nie. Dis 'n eer om vir onse God en vir onse Here Jesus Christus te ly, selfs swaar te ly. Dit maak ons sterk. Dit leer ons om rotsvas te staan.

Dink maar aan die martelare. Lees gerus Handeling 5 vers 40 en 41.

Was hierdie mense te bejammer?

Nee, geensins. Dis die hoogste vryheid: om God te dien, vry en bly te dien, selfs in die aangesig van die dood.

A. Duvenage

DIE AARDE WAGGEL

*Maandagaand 29 September 1969. Stil en rustig
lê drie dorpias aan die voet van die Witzenberge.
'n Paar vriende en hul kinders gesellig saam -
10:05 nm.*

DIE BERGE WANKEL

'n Geweldige slag. Dit voel asof 'n swaar voorwerp die huis tref. Vreesbevange spring ons uit ons sitplekke op en terwyl die gille van ons kinders vanuit die aangrensende vertrek gehoor word, klou ons mekaar vas want dit voel asof 'n reusehand jou skud en skud en jy is magteloos om iets te doen of te beweeg. Mure buig na mekaar en weer terug terwyl barste orals verskyn. Vloere lig op en sak weer terug. Breekware tuimel van rakke en die skerwe lê gesaai oor die vloer. Byna onmoontlik om te beskryf wat jou gedagtes en gewaarwordings gedurende die tyd was.

"Ons moet by ons kinders kom", was almal se eerste gedagte. Is hulle veilig?

Lewe hulle nog? Watter skrikwekkende vraag? Ons moet uit! Buite toe! was die tweede.

In die strate drom almal verslae saam en staar na die berge. Wat 'n ontsettende gesig om te aanskou? Een vlammesee en 'n verstikkende swaweldamp om jou heen en nog steeds bewe die aarde onder jou voete. Kindertjies klou hul moeders beangs vas en wil weet wat gebeur en op al die vrae soek jyself 'n antwoord. Een sê 'n atoombom het ontplof, 'n ander lig die mening dat dit nou die einde is. Met die tyd kom die besef dat dit 'n aardbewing is. Jy wil vlug maar waarheen. Klein en nietig staan jy voor jou Skepper. Diep onder die besef van sy Almag. Meteens skiet die woorde van Ps. 46 my binne. "God is vir ons 'n toevlug en sterkte, daarom sal ons nie vrees nie, al waggel die aarde en al wankel die berge". Watter troosvolle woorde vir die gelowige in sulke donker ure van vrees en benouing?

'n Nag van vrees en spanning word saam met vriende in motors en onder komberse deurgebring. Onderling probeer ons mekaar bemoedig en ons kinders gerusstel. Kort-kort hoor jy iemand 'n gebed prewel want nog steeds word dreunings gehoor en skud die aarde en weet jy nie wat nog aan die kom is nie.

'n Nuwe dag breek eindelijk in die Ooste — 'n volmaakte Bolandse lentedag. Nou in volle daglig aanskou ons eers die skade wat binne enkele sekondes, maar wat soos ure gevoel het, aangerig is. 'n Stille gebed as jy 'n grysaard, krom en verslae 'n traan sien wegvee waar hy op die sypaadjie voor, wat eens sy huis was, by die meubels wat gedurende die nag uit die huis gered kon word, sien staan. Sy tuiste waaraan hy jare afbetaal het sodat hy op sy oudag 'n plekkie van sy eie kan hê, is binne dertig sekondes in puin gelê. Met die gesig van verwoeste huise om jou word jy meteens bewus van iets waaraan jy nooit so diep gedink het nie — die betekenis van jou huis vir jou. 'n Huis is nie net 'n plek om in te leef nie. Dit is 'n tuiste vir jou en jou gesin, 'n plek van gasvryheid, 'n vesting en jou plekkie waar jy in jou binnekamer, jou smart maar ook jou vreugde met jou Hemelse Vader kan deel, maar helaas, nou staan hierdie vestings verwoes en verlate langs die strate. Ja, selfs Godshuis is nie gespaar nie. Geboue wat 100 jaar en meer gelede, hier in die Land van Waveren deur ons voorgeslagte opgerig is, lê nou in puin en onwillekeurig vra elkeen "Waarom?"

Dinsdagaand terwyl die laaste strale van die ondergaande son die erg geskende berge in 'n sagte gloed omhul, vergader die hele gemeenskap op die Kerkplein vir 'n paar oomblikke van verootmoediging. Met diepe dankbaarheid besef ons dat die Here te midde van al die verwoesting, nog sy bewarende hand oor ons uitgestrek het want nie een is deur die dood uit ons midde weggeneem of ernstig beseer nie. Jesaja 64 word voorgelees met die klem op vers 11. "Ons heilige en heerlike huis waar ons vaders U geloof het is met vuur verbrand en al wat vir ons dierbaar is, het 'n puinhoop geword". Terwyl trane vrylik vloei, sing ons tog nog in volle vertroue Ps. 46 verse 3 en 6:

*Die Heer is daar, Hy hou die wag; so gaan die donker uur dan om;
Hy red wanneer die vroeë dag goudglansend oor die berge kom. Hou
op, en weet: Ek is die Heer! Ek is verhoog bo alle vlees; My sal die
nasies sien en eer, of sidderend vir my oordeel vrees. Die Heer sal in
gevaar sy leërs om ons skaar, oneindig in getal. Die God van Jakob
sal vir ons 'n veil'ge vesting wees.*

T.Z.

Aletta was 'n Christen ...

Paastyd is die tyd van besondere herinneringe vir ons.

Die stil, sonnige dae bring altyd by my intense heimwee. Was Paastyd dan nie nog altyd in besondere sin die beproewingstyd in ons huisgesin nie? Ernstige siekte, dood van ons kind, en nogmaals siekte in die huis.

Dit was ook die tyd van die afsterwe van 'n getroue bediende.

Jare en jare was sy by ons in diens. Toe die kinders klein was en my hande baie vol, het daardie bruin hande my huis skoon en blink gehou, was sy meer as een dag my morele ondersteuning, want Aletta was ook 'n Christen.

Sy was ook maar 'n mens. Sy het aan haar hart begin ly, maar nog getrou kom werk. Van die plaas af saam dorp toe. Sy is na die lokasie waar die lewenskoste ook nou vir haar gestyg het. Oor haar onwettige bierbrouery om haar inkomste aan te vul, moes ons meer as een keer gesels. Maar Aletta was tog getrou in haar werk. As die voete so geswel het en die hart haar snags uit die slaap gehou het, was Aletta 'n paar dae afwesig. Dan kom sy maar weer.

Toe gaan ons paaie uitmekaar. Sy moes agterbly terwyl ons na 'n naburige dorp verhuis. Dit was aan beide kante 'n droewige afskeid. My adres moes ek aan haar gee.

Op 'n dag, in April, het ek die middag 'n huiwerige kloppie op die agterdeur gehoor. Wie sou daar staan toe ek die deur oopmaak? Niemand anders as Aletta nie! Hoe vreemd het sy egter nie daar uitgesien nie? Moeg, gedaan, kortasem. Die oë groot en rond, en as sy jou aankyk, voel jy sy kyk by jou verby, vêr, vêr na 'n plek waar jy nie kan bykom nie . . .

Sy het net kom groet, sê sy. Sy het so verlang. Sy het so gesoek. Sy was so moeg.

Sy is weer weg. Wat kon ek haar gee? 'n Paar rand, ja, maar bo alles die troos in Christus: "Wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe".

Dit was weer April. Die Paastyd. Orals is die opstanding van Christus herdenk. "Hy lewe en ons sal lewe". Toe een middag het die voorhekkie gekraak — die posbode, 'n telegram: "Jou girl Aletta is oorlede".

'n Skok ... en tog, wat 'n troos: Aletta was 'n Christen!

M.S.

EK IS MY EIE BAAS

Nie lank gelede nie, was ek in gesprek met 'n jongman. Hy was 'n gesonde, suksesvolle kêrel wat deur harde werk vir hom 'n pragtige toekoms verseker het.

Ek het met hom gaan praat oor Jesus Christus, maar hy het met my gepraat *oor homself*. Uit sy oë en woorde, uit sy wese en gebare, uit sy glimlag en heftigheid het één gees gestraal wat, in woorde omgesit, uitgespel het: "*Ek is my eie baas!*"

Hy het aan my vertel dat sy ouers hom altyd gedwing het om na die kerk en katkisasies te gaan. Hy was moeg daarvoor en noudat hy 'n man geword het, het hy sy eie opinie oor sake en is gelukkig van niemand meer afhanklik nie: hy het 'n goeie werk, is gesond, in die volheid van jeugdige krag; kwalifikasies skort nie. Hy is gelukkig in sy werk.

Hy hinder niemand nie en verwag ook dat niemand hom moet hinder nie. Wat traak dit ander mense hoe hy lewe en wat hy dink! "Ek is my eie baas".

Hy dien God *op sy manier* — dis mos *sy reg en sy saak!*

As hy lus voel gaan hy kerk toe . . . wie durf hom *maak* die Bybel lees.

Ons vriend het baie opstandig geword.

Herhaaldelik het hy gesê: "Elke mens het die reg om te dink oor sake soos hy wil. Ek het 'n verstand en 'n wil om my lewe te kies na my smaak. En as daar 'n God is, is dit niemand se saak wat ek van God dink nie!"

Hierdie jongman *wou hom nie laat dwing nie*. Hy was gesteld daarop dat hy 'n hardekop is met sy eie opinies.

Toe ek met hom praat oor God en die Bybel, het hy gedink ek wil hom domineer!

• • •

Miskien voel u ook soos dié vriend, geagte leser. Moet nie dink u is 'n uitsondering nie, want baie het al in die verlede só gevoel en baie sal in die toekoms ook so redeneer. U verras God ook nie as u so praat nie ... God het juis in die geskiedenis die "eie baas" mense verras deur aan hulle te wys dat Hy die "Baas" is. Dink maar aan die geskiedenis van Nebukadnesar: Hy wou sy eie baas wees, maar sy einde was kranksinnigheid en bespotting. Israel wou hulle nie deur die Here laat aansê nie, met die gevolg dat Jerusalem verwoes is. Daar is baie voorbeelde, ook in u lewe.

Met die "ek is my eie baas" standpunt, kom 'n mens nie ver nie, geagte leser. Jy loop jou vas en raak in die knoop, want *hierdie uitgangspunt is 'n leuen* en 'n leuen kan die werklikheid nooit trotseer nie.

Die daaglikse lewe *bewys* dat u nie u eie baas is nie.

U werksure is baas oor u tyd; die inkomstekantoor is u baas as dit by belasting kom; munisipale bywette het seggenskap oor u lewe; u moet buig voor die wet van die snelheidsgrens.

Daar is baie dinge wat "baasspeel" oor u en wat u tog geredelik gehoorsaam.

U moet ook erken dat u liggaam, u wilslewe, u emosionele belewinge en gedagte-wêreld onderhewig is aan baie dinge wat u keuses, gesondheid en gevoele bepaal.

U is 'n kneg, geagte leser, 'n kneg gebind deur duisende bande, gelei deur talle verantwoordelikhede en bepaal deur baie faktore.

As u u eie baas wil wees en aan God geen seggenskap in u lewe gee nie, is u in werklikheid 'n *slaaf van die duiwel*, want dan laat u hardnekkigheid, verwaandheid, opstandigheid en brutaliteit oor u baasspeel.

Die eienaardige is dat u erken dat u onderworpe is aan baie dinge, maar sodra u van God hoor, weier u gehoorsaamheid en wil u probeer om oor Hom baas te speel.

Nie die kerk en God mag die laaste sê hê oor hel en hemel nie . . . nee, dan wil *u* baas wees.

Voel u hoe *inkonsekwent* dit is, geagte leser?

God mag u nie aansê nie — maar gedwee luister u vir u werkgewer.

U gehoorsaam die slagtersrekening, maar die Here moet wyk om plek te maak vir u opinies.

U reageer op die bevel van 'n verkeerslig, maar die Bybel skuif u met 'n lag opsy.

Is dit nie dwaas nie?

Weet u, geagte leser, u moet *skaam voel* vir u houding van "ek is my eie báás". Dit toon 'n *onvolwassenheid en minderwaardigheid*. Dit bewys dat u 'n *ontvlugter is van die werklikheid*, slagoffer van u *eie belangrikheid en selftevredenheid*. Met hierdie houding maak u nie die indruk van 'n sterk afgeronde persoonlikheid nie, maar van 'n *klein mannetjie* wat met 'n hoë bors en piepstemmetjie die Skepper uitdaag, die eeue-oue kerk bestorm en die ewige waarhede wegveeg!

Nee, geagte leser . . . u is tog nie só *domastrant* nie. God is u Skepper en Onderhouer. Dit is Hy wat lewe gee en gesondheid. Van Hom ontvang u stoflike en geestelike seënninge. Hy is die Soewerein oor volke en kontinente. Hy is die Opperheerser! Die Eienaar van alles wat is!

Moet tog nie sê: "God bestaan nie!" .. Hierdie hap kan u nie verteer nie, want baie mense wat daarvoor geredeneer het, moes uiteindelik erken dat die Here bo hulle is.

U behoort met liggaam en siel, in lewe in sterwe aan Jesus Christus.

Die kerk wil Christus aan u bring. Die stem van die persoon wat met u oor Christus praat, wil u nie domineer nie, maar hy pleit met die liefde van die Saligmaker.

In die ander hoofstukke van hierdie boekie sal u meer hoor van die Kruis en die Lewe, van liefde en genade, van toorn en oordeel.

Tot sover wil ons net aan u dié waarheid verkondig: *God het absolute seggenskap, beheer en mag oor u alles. U moet u met God versoen en weet dat u uself belaglik maak en met die ewigheid speel as u "baas" wil wees oor u eie hart en siel en verstand en liggaam.*

Onderwerping aan die Here is *nie vernederend nie*, maar juis *verheffend*.

As u u laat aansê van die kerk en die dominee, maar beter nog, deur God self, is dit 'n bewys dat u oor uself beheer het.

Gehoorzaamheid is die grootste vryheid.

As u *buig voor Jesus Christus*, maak Hy van u 'n *koning*, 'n *vors* wat *heers* oor die stromings van ons tyd en wat "*baas*" is oor die walme van die hel!

Is u u eie baas?

Dink eers ernstig na . . . want hier is groot dinge op die spel!

W. J. de Klerk.